
# SEWE BEDES VIR DIE TIEN DAE VOOR SHAVUOT

Die getal tien is besonders betekenisvol vir die fees van Shavuot. Die tien woorde of tien gebooie is aan die volk gegee in die tyd rondom die fees van Shavuot. Die bekende Shavuot of Pinkster byeenkoms in Handelinge 2 het volgens alle aanduidings 10 dae ná Y'shua se hemelvaart plaasgevind. Volgens die gegewens van die Skrif lyk dit ook of Y'shua voor sy hemelvaart 10 maal aan persone of groepe verskyn het, soos in die tabel gesien kan word. Daar is nog baie ander




dinge en gebeurtenisse in die Skrif wat met tien te make het. Om net 'n paar te noem (bo en behalwe die bekende beginsel van tiendes wat aan Yahweh behoort; die tien plae van Egipte, die tien maagde van Y'shua se een gelykenis en die tien melaatses wat deur Y'shua genees is: In die eerste hoofstuk van die Skrif, kom die woorde "Elohiem het gesê ..." net mooi tien keer voor. In Gen 31:7 sê Yaakov dat Laban sy loën tien maal verander het. In Num 14:22, wat deel is van hierdie komende maand se Torah lesings, sê Yahweh vir Mosheh dat Hy altyd bereid is om sy volk te vergewe maar dat hulle Hom nou al tien maal versoek het en nie na sy stem geluister het nie en dat almal wat Hom en sy woorde verag het, nie die beloofde land sal sien nie. In Job 19:3 sê Job vir sy sogenaamde vriende dat hulle hom mishandel en met hulle woorde verbrysel het en dat hulle hom tien maal oneer aangedoen het. In Dan 1:20 lees ons dat die insig en wysheid van Daniel en sy drie vriende al die geleerdes van die Babilonië tien maal oortref het. En in Opb 2:10 sê Y'shua aan die gemeente in Smirna dat hulle tien dae lank verdrukking sal hê maar dat hulle nie moet vrees vir wat hulle sal ly nie: As hulle getrou bly, sal Hy aan hulle die kroon van die lewe gee!

Een van die minder bekende gevalle van "tienvoudigheid" in die Skrif, is die tien verskillende blokke in die Skrif wat met 'n akrostiese styl geskryf is. Akrosties beteken gewoonlik dat die eerste letters van 'n aantal paragrawe, of sinne of woorde, 'n ander woord of 'n ander boodskap uitspel. 'n Baie goeie voorbeeld het tien jaar gelede gebeur toe die CEO van die rekenaar maatskappy, Sun Microsystems, 'n omsendbrief aan sy werknemers gestuur het wat 'n geheime,

akrostiese boodskap bevat het oor hulle groot teenstander, IBM. Hy het niks direk in die brief oor IBM geskryf nie, maar die eerste letters van die eerste sewe paragrawe van die omsendbrief het die volgende boodskap uitgespel: BEAT IBM! Die Skrif se gebruik van die akrostiese styl is meer eenvoudig: Die eerste letters van ‘n aantal sinne of paragrawe spel gewoonlik nie ‘n spesifieke boodskap uit nie, maar dit stem ooreen met die opeenvolgende letters van die Hebreeuse alfabet. En daar is net mooi tien sulke “blokke” in die Skrif: Klaagliedere 1-4, Spreuke 31:10-31; en dan agt Psalm-groepe: Psalm 9-10, Psalm 25, Psalm 34, Psalm 37, Psalm 111, Psalm 112, Psalm 119 en Psalm 145.

Ons gaan kortliks by Psalm 25 stilstaan:  Die Naam van Yahweh kom tien maal in hierdie Psalm voor.  Die getal in die naam van die Psalm (25) is die helfte van 50 wat die getal van Shavuot is. En die Psalm bevat sewe bedes in die eerste sewe verse wat ooreenstem met die sewe periodes van sewe wat voor Shavuot afgetel word en wat vandag ten einde loop. Ons kan die sewe bedes as volg saamvat:

1. **Tot U, Yahweh, hef ek my siel op** (vers 1). “Eilega Yahweh nafshi essah”. U het my as ‘n mens met ‘n siel gemaak. Ek wil nie hê dat my siel in die patroon van hierdie wêreld vasval nie. My siel kan net deur U gevoed word.

2. **Op U vertrou ek** (vers 2). Wat sal van my word as ek net op myself moes vertrou? Mense en prinse wat ek self opgehemel het, het my in die steek gelaat. Ek het niemand anders as U na wie toe ek kan vlug nie.

3. **In U stel ek my verwagting** (vers 3). My verwagtinge in die verlede het nie altyd waar geword soos wat ek gehoop het nie. In ‘n tyd van versmagting benodig elke mens ‘n verwagting. Net U kan in daardie leemte vervul!

4. **Maak my asseblief u weë bekend** (vers 4). Daar is so ‘n groot verskil tussen u weë en ons mense se idees. Ek weet dat daar ware lewe in u weë opgesluit lê. Hou u hand op my sodat ek nooit die spoor byster raak nie!

5. **Lei my asseblief in u waarheid** (vers 5). Daar is soveel verwarring in hierdie wêreld. Wat verkeerd is word reg genoem en wat waar is, word as onbelangrik afgemaak. Hou u waarheid soos ‘n helder lig voor my oë!

6. **Bewys asseblief guns aan my** (vers 6). Sonder u guns en barmhartigheid kan ek nie lewe nie. In myself is daar niks wat u ontferming verdien nie. Moet asseblief nie u hand van seën van my en my mense wegneem nie!

7. **Vergewe asseblief my oortredinge** (vers7). Ek weet dat oortredinge later ‘n muur word waaroor ‘n mens nie kan klim nie en waardeur jy nie kan sien nie. Ek het waarlik berou. Vergewe Yahweh, breek die muur af, maak dit weer lig rondom my!